# 3. 'n SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL AS SLEUTEL TOT DIE VERHOUDING TUSSEN OUERHUIS/GESIN/OUER EN SKOOL/ONDERWYSER

## 3.1 Inleiding

Die probleem wat in hierdie navorsing ondersoek word, naamlik 'n presisering van prinsipieel-sinvolle ouer-onderwyserkontak, is in die vorige hoofstuk uit 'n historiese perspektief benader. In paragraaf 2.2.5.2.14 is daar tot die ge= volgtrekking gekom dat Skrifperspektiewe as die belangrikste riglyne in die besinning oor samelewingsverbande moet dien omdat die Drie-enige God van die Heilige Skrif die skepper en onderhouer van die totale kosmos is. In hierdie hoofstuk word op bogenoemde gevolgtrekking voortgebou in die verwoording van 'n samelewingsteoretiese model wat moet dien as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser.

Op grond van die kontoere en agtergrondskennis wat in Hoofstuk 2 vir die be= paling van sodanige samelewingsteoretiese model of sleutel verskaf is, word in hierdie hoofstuk gepoog om so 'n model of sleutel te ontwerp.

Die model of sleutel wat verderaan geformuleer word, handel oor die volgende sake wat, soos dit blyk uit Hoofstuk 2, die belangrikste bepalers is vir die fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak:

* Die ontologiese grondslag van samelewingsverbande.

* Die ontstaan, strukture, kompetensieterreine en opvoedingstake van relevante samelewingsverbande, naamlik
  - die huwelik,
  - die ouerhuis en
  - die skool.

## 3.2 Ontologiese grondslag van samelewingsverbande

### *3.2.1 Oriëntering*

Volgens Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983: 35) is die woord ontologie saamgestel uit twee Griekse woorde, naamlik *to ontos* (die issende/synde) en *logos* (woord, rede of spraak). In 'n verdere ontleding van hierdie deelweten= skap van die Christelike Wysbegeerte, naamlik ontologie, blyk dit volgens Tal= jaard (1976: 28) dat ontologie te make het met vier terreine, en hierdie vier

terreine moet in berekening gebring word waar daar fundamenteel-opvoedkundig besin word oor ouer-onderwyserkontak:

- 'n ontologie oor God;
- 'n ontologie oor God se wet vir die skepping;
- 'n ontologie oor God se skepping wat aan sy wet onderworpe is, en
- 'n ontologie oor die verband tussen bogenoemde drie terreine.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word oor 'n ontologie met betrekking tot die almag van God se wet vir die skepping en die verband tussen die al=mag van God en sy wet vir die skepping en relevante samelewingsverbande[1)] be=sin, omdat alle samelewingsverbande deel vorm van God se skepping en ook aan sy wet onderworpe is. Daar word ook gehandel oor die volgende Skrifbeginsels wat in direkte verband staan met samelewingsverbande en wat, soos verderaan blyk, bepaalde riglyne bied vir doelmatige ouer-onderwyserkontak:

- soewereiniteit in eie kring;
- universaliteit in eie kring, en
- verskeidenheid en samehang in die werklikheid.

### 3.2.2 *Die soewereiniteit en almag van God*

As die Christenopvoedkundige besin oor die verskillende samelewingsverbande waaronder die huwelik, ouerhuis en die skool ressorteer, glo en bely hy dat God onwegredeneerbaar almagtig en soewerein is, want Hy openbaar Hom so in sy Woord soos volg:

*Genesis 1:1 :*
*"In die begin het God die hemel en die aarde geskep."*

*Genesis 1:31 :*
*"Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed."*

---

1) Die huwelik, gesin en die skool word hiervoor uitgesonder, omdat die drie samelewingsverbande direk verband hou met ouers en onderwysers in ouer-onderwyserkontak.

*Hebreërs 1:2-3 :*

> *" ..., [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erf= genaam van alles gemaak. [3] ... Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand."*

Die erkenning van God se soewereine almagtigheid as skepper en onderhouer van alle dinge impliseer dat Hy wetmaker en -gewer is (vgl. paragraaf 3.2.3) en dat die geskapenes wetsonderdane is. In die besinning van die Christenopvoed= kundige oor samelewingsverbande, beteken die belydenis dat God almagting is en dat die skepping aan sy wet onderworpe is, vir die Christenopvoedkundige dat die mense van een samelewingsverband hulle nie in die plek van God mag stel en oor die mense van 'n ander samelewingsverband mag heers nie. Geen samele= wingsverband is absoluut soewerein nie, want "uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge" (Romeine 11: 36).

Die almag van God oor sy skepping hou die volgende implikasie vir die ouerhuis en die skool in: die ouerhuis (ouers) mag nie oor die skool (onderwysers) heers nie, want beide ouerhuis (ouers) en skool (onderwysers) is onderdane van God drie-enig. (Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 240; Schoeman, 1979: 106 en Troost, 1970-1971: 19).

### 3.2.3 *Die wet van God*

Die kosmos, waarvan die mens die kroon vorm, het as oorsprong die soewereine, heilige skeppingswil van God (Kalsbeek, 1970: 65), en omdat God soewerein en almagtig is (vgl. paragraaf 3.2.2), voer Hy heerskappy oor alles wat bestaan. Sy heerskappy vind onder andere uitdrukking in sy *wet* vir die skepping. God se wet vir die skepping is ook die uitdrukking van wat Hy *wil* met die skepping; trouens, "God se werke openbaar aan ons sy wysheid, want God het sy gedagtes in die dinge gelê" (Van der Walt en Dekker, 1983: 67).

God se wet verseker die ordelike syn en voorbestaan van die ganse skepping, en daarom ook van alle samelewingsverbande waaronder die huwelik, gesin en skool ressorteer. Met betrekking tot die laasgenoemde drie samelewingsverbande (soos ook by alle ander samelewingsverbande) geld God se struktuurwet (vir die skepping), want sowel die huwelik, gesin as skool vertoon bepaalde strukture of bouplanne (ook bekend as struktuurwette). So kan daar in al drie genoemde samelewingsverbande 'n religieuse faset, 'n tydse of temporele faset, 'n modale faset en 'n individuele faset in hulle synstrukture onderskei word. (Dooye=

weerd 1, 1969: 100-104; vgl. ook paragraaf 3.2.6).

Daar word akkoord gegaan met Duvenage (1983: 172-175) waar hy beweer dat die grondwet van God se Koninkryk die liefdeswet[1)] is. In die samelewingsverbande (i.c. die huwelik, gesin en skool) kry die liefdeswet die gestalte van gereg= tigheid; daarom behoort geregtigheid en liefde in elke samelewingsverband hand aan hand te gaan. (Vgl. paragraaf 2.2.5.2.11). Daar bestaan 'n verband tussen die liefdeswet en die struktuurwet van elke samelewingsverband: die liefdeswet funksioneer vanuit sy religieuse verbondenheid met God as grondnorm en beïnvloed die struktuurwet van elke samelewingsverband in sy wortel. (Du= venage, 1983: 178).

### *3.2.4 Soewereiniteit in eie kring*

Die verskillende samelewingsverbande, wat die huwelik, gesin en skool insluit, het elkeen 'n eie unieke aard[2)]. Die eie aard van elke samelewingsverband word bepaal deur elkeen se bepaalde struktuur[3)]. Die struktuur of bouplan van elke samelewingsverband word onderskeidelik bepaal deur 'n funderings- sowel as 'n bestemmingsfunksie. (Vgl. paragrawe 3.3.2.5, 3.3.3.4 en 3.3.4.4). Hierdie struktuurwet van die betrokke verband bepaal ook sy kompetensie- of bevoegd= heidsterrein en maak elke samelewingsverband uniek.

---

1) God se liefdeswet word in die volgende gedeelte van die Bybel gevind: Nadat die Fariseër Jesus gevra het wat die grootste gebod in die wet is, het Jesus hom geantwoord (Matteus 22: 37-40): " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelykstaan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'. 40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat".

2) Volgens Schoeman (1979: 1) kan dinge (i.c. samelewingsverbande) geïdentifi= seer word op grond van spesifieke aard- eie kenmerke wat by ander dinge ontbreek en wat hulle dus van ander dinge onderskei. Die aard van 'n ding (i.c. samelewingsverband) is dus sy tiperende individualiteit.

3) Volgens Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983: 49) is die struktuur van enige geskape ding (i.c. samelewingsverband) die bouplan wat daarvoor geld. Schoeman (1979: 1) noem die struktuur van 'n ding die wetmatige op= bou of wetmatige samestelling (ontiese struktuur) daarvan.

Bogenoemde twee omskrywings van aard en struktuur word aanvaar en verder met bogenoemde betekenisinhoude gebruik.


Die struktuurwette van die skepping is van die begin af deur God in die geskape dinge (ook die samelewingsverbande) gelê en die mens moet as geroepene konkrete gestalte gee aan die struktuurwette (die struktuurwette positifeer). Die ge= staltegewing geskied in ooreenstemming met die religie wat op die mens se hart beslag gelê het, naamlik in diens van God (anastaties) of in diens van afgod (apostaties). (Vgl. Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 241).

Die erkenning deur die opvoedkundige dat elke samelewingsverband 'n eiesoortige aard en struktuur het, impliseer dat hy rekening hou met die feit dat elke sa= melewingsverband 'n eie bestaans- en funksioneringsterrein het waarop geen ander verband mag oortree, oorheers of inmeng nie. Elke samelewingsverband is soe= werein in eie kring (vgl. paragrawe 2.2.5.2.2 - 2.2.5.2.6 waar die grondleggers van die beginsels van soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring, naamlik A. Kuijper, H. Bavinck, J. Waterink en J. Chr. Coetzee behandel word). Die Christenopvoedkundige weet as hy die riglyne vir ouer-onderwyser= kontak neerlê, dat die ouerhuis en skool mekaar nie mag oorheers nie, omdat slegs God absoluut soewerein is. (Vgl. paragraaf 3.2.2). Die beginsel van soewereiniteit in eie kring word vir die samelewingsteoretiese model wat as sleutel tot die (doelmatige) verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/ onderwyser dien, aanvaar. Die invoeging van die beginsel van soewereiniteit in eie kring by die samelewingsteoretiese model is noodsaaklik, want slegs as ouers en onderwysers die unieke aard en struktuur van beide die ouerhuis en die skool as samelewingsverbande erken, en weet dat die een samelewingsverband nie die bestaans- en funksioneringsterrein van die ander verband mag oortree nie, kan doelmatige ouer-onderwyserkontak plaasvind. Tôg bestaan daar geen enkele samelewingsverband in isolasie nie, maar is daar ook die beginsel van universaliteit in eie kring wat in die volgende paragraaf behandel gaan word.

### *3.2.5 Universaliteit in eie kring*

Die beginsel van universaliteit in eie kring dui op vervlegting, samehang en enkaptiese verbande tussen onderskeie samelewingsverbande. Duvenage (1983: 177) verwys na universaliteit in eie kring as die innerlike vervlegtheid van die samelewingsverbande in hulle onderlinge betrokkenheid op die Koninkryk van God. Duvenage (1983: 177) sowel as Vollenhoven (1953: 47) laat die klem op die mens wat terselfdertyd lid is van verskeie samelewingsverbande val. Die volgende sketsmatige voorstelling illustreer die gedagte van Vollenhoven en Duvenage dat al die betrokke samelewingsverbande onder meer ten doel het die bloei van verskillende fasette van een en dieselfde menselewe.


Figuur 3.1 Die mens as lid van verskeie samelewingsverbande



Samelewingsverbande (ook die ouerhuis en die skool) vorm 'n organiese gemeenskap, waarin die dienslewering van alle verbande aan mekaar, ingebou is. Die verskillende verbande is interafhanklik van mekaar. Kalsbeek (1970: 205) noem hierdie verbondenheid van samelewingsverbande die enkaptiese vervlegtheid van samelewingsverbande. Steeds moet elke samelewingsverband sy eie taak uitvoer in ooreenstemming met sy unieke aard en struktuur, terwyl die onderskeie samelewingsverbande mekaar se terreine en take erken en eerbiedig. Daar bestaan 'n fyn balans tussen soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring.

Waar sowel die ouers as die onderwysers as belangrikste gesagsdraers en opvoeders van die ouerhuis en die skool as samelewingsverbande, met die opvoedende onderwys van kinders te doen het, moet beide instansies die beginsel van universaliteit in eie kring erken en toepas. As beide ouers en onderwysers as vennote in die opvoedende onderwys mekaar se kompetensieterreine (i.c. eie terreine) asook die samewerkingsterreine tussen ouerhuis en skool erken en eerbiedig, sal die uiteindelike opvoedende onderwys van die kinders tot sy reg kom. Sketsmatig kan hierdie argument moontlik sô voorgestel word:

Figuur 3.2 Eie en samewerkingsterreine van gesin en skool



### 3.2.6 *Verskeidenheid en samehang van samelewingsverbande*

#### 3.2.6.1 Inleiding

Die veelheid en verskeidenheid van samelewingsverbande word erken omdat die Christenopvoedkundige glo en bely dat God in sy skeppingswil 'n struktuurwet vir elke samelewingsverband verordineer het. Die mense, wat die verskillende samelewingsverbande vorm, positiveer God se wette met die vorming en instand= houding van die betrokke verbande.

Die verskille tussen die ouerhuis en die skool kan eers reg begryp word teen die agtergrond van God se bouplan vir die kosmos of totale geskape werklik= heid. Daar word in die volgende paragrawe veral gebruik gemaak van gegewens oor die struktuurmomente van die werklikheid soos aangebied in paragraaf 2.2.5.2.6 waar onder andere gesê is: "Die kosmos, waarvan die mens die hoog= tepunt vorm, het as oorsprong die soewereine, heilige skeppingswil van God. Die geskape werklikheid vertoon bepaalde strukture, naamlik 'n religieuse struktuur, 'n tydse struktuur, 'n modale struktuur en 'n individuele struktuur". (Vgl. Figuur 2.1). Hierdie ter saaklike gegewens word van toepassing gemaak op die samelewingsverbande wat ter sprake is, naamlik die huwelik, gesin/ouer= huis en skool.

#### 3.2.6.2 Die religieuse faset van die samelewing

Die Christenopvoedkundige se geloof in God en sy Woord impliseer dat hy die Drie-enige God erken, aanvaar en dat hy as wetenskaplike bely dat God die skepper, onderhouer en bestierder van die ganse geskape werklikheid is. Mense positiveer as deel van hulle roeping op aarde, die wette vir verskil= lende samelewingsverbande. Hierdie verwesenlikingsdiens van mense kan in ge= hoorsaamheid of nie-gehoorsaamheid aan God geskied. (Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 243). So kan daar afvallige (apostatiese) of God-gehoor= same (anastatiese) verwerklikings van samelewingsverbande wees.

As verdere komponent van die samelewingsteoretiese model wat as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser moet dien, word aan= vaar dat God die huwelik (vgl. paragraaf 3.3.2.2) en die gesin of ouerhuis (vgl. paragraaf 3.3.3.2) primêr[1] en die skool (vgl. paragraaf 3.3.4.2)

---

1) Samelewingsverbande soos die huwelik, gesin, volk, staat en kerk as insti= tuut wat deur God self ingestel is, is primêre samelewingsverbande. (Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 242).

sekondêr[1] in aansyn geroep het. Dit is die mens se Goddelike opdrag om die struktuurwet wat vir onder andere die ouerhuis en die skool geld, ondersoekend te ontdek, om diê samelewingsverbande in gehoorsaamheid aan God se wet in stand te hou, uit te bou en te laat funksioneer.

Die erkenning van die religieuse gefundeerdheid en gerigtheid van samelewings= verbande hou verder in dat die Christenopvoedkundige die absolute soewereini= teit van God erken. (Taljaard, 1963: 75). Die erkenning van God se soewe= reiniteit beteken onder meer dat die Christenopvoedkundige die bestaan en funksionering van onderskeie samelewingsverbande erken en dat nie een van die samelewingsverbande verabsoluteer mag word nie.

### 3.2.6.3 Die temporele faset van die samelewing

God, wat ewig is, het saam met die kosmos tyd geskape; daarom is die ganse skepping onderworpe aan tyd. Tyd is dinamies, voortdurend, en geld ook vir die ontstaan en ontplooiing van samelewingsverbande. Die mens het die roeping om in gehoorsaamheid aan God se wet samelewingsverbande tot naastediens en Gods= diens in die lewe te roep in die tyd wat God vir die bestaan daarvoor be= skik het. (Vgl. Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 247-248 en Kals= beek, 1970: 65e.v.).

Ten opsigte van die ouerhuis en skool beteken die erkenning van die temporele faset van die samelewing dat daar 'n begin, 'n bepaalde duur en 'n einde vir die funksionering van ouerhuise en skole is. Die ouerhuis en die skool sal voorts afsonderlik en gesamentlik rekening moet hou met die eise van die tyd waarin die gesins- en skoolgenote lewe en werk. (Vgl. Hoofstuk 5). Ten opsigte van ouer-onderwyserkontak sal ouers sowel as onderwysers in gedagte moet hou dat tydsberekening 'n belangrike rol speel, die kontakgeleentheid(-hede) moet ge= skeduleer word en net 'n bepaalde tyd duur.

### 3.2.6.4 Die modale faset van die samelewing

Die modale struktuurmoment van die werklikheid is herkenbaar in die vyftien modaliteite. (Vgl. Figuur 2.1). Alle geskape dinge (ook die verskillende

---

1) Samelewingsverbande wat met die oog op 'n bepaalde doel deur die mens in gehoorsaamheid aan sy Goddelike opdrag in die lewe geroep word, soos die skool, fabrieke en hospitale is sekondêre samelewingsverbande. (Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 242).

samelewingsverbande) verskil in hulle bestaanswyses en hierdie verskille in bestaanswyses, naamlik dat elke ding 'n funderings- en bestemmingsfunksie het, lê veral die kompetensieterreine van samelewingsverbande bloot. Die feit dat elke samelewingsverband 'n eie manier of wyse van bestaan en funksionering het, is van kardinale belang vir die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser, want die uiteinde=like fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak hang af van die modale bepaaldheid van elke tersaaklike samelewingsverband, soos ver=der in hierdie paragraaf aan die lig sal kom.

By herhaling (vgl. paragraaf 2.2.5.2.6) word saaklik geponeer dat die verskil=lende strukture of bouplanne van samelewingsverbande onderling onherleibaar is, hoewel dit steeds in gedagte gehou moet word dat samelewingsverbande nie af=sonderlik selfgenoegsaam kan bestaan nie. In die lig van hierdie stelling word nou verder besin oor die uniekheid van elke samelewingsverband.

Die struktuurwette wat die besondere bouplan van elke samelewingsverband bepaal, moet teoreties vanuit die funderings- en bestemmingsfunksie van elke samele=wingsverband benader word. Die funderingsfunksie van alle kultuurdinge word deur Van der Walt, Dekker en Van der Walt (1983: 245) bestempel as die histo=riese funksie van kultuurvormende mag wat vir alle kultuurdinge (daarom ook vir samelewingsverbande, behalwe die gesin wat bioties gefundeer is (vgl. paragraaf 3.3.3.4)) geld. Tereg beweer Schoeman (1979: 111) dat die *andersheid* van ver=bande in die funderingsfunksie van samelewingsverbande geleë is. 'n Aanvaarbare omskrywing van die funderingsfunksie van 'n samelewingsverband kan soos volg wees: die funderingsfunksie van 'n samelewingsverband is die modaliteitsfunk=sie wat die bepaalde samelewingsverband ten grondslag lê, sy basis of fonda=ment wat hom laat ontstaan en bestaan en waarsonder hy tot niet sal gaan. As voorbeeld kan die skool geneem word: die skool se funderingsfunksie is geleë in die historiese modaliteit, want eers nadat daar deur mense oorgegaan word tot die stigting (vorming) van 'n skool, kom die skool tot stand. (Vgl. para=graaf 3.3.4.4).

Die bestemmingsfunksie van 'n samelewingsverband lei al die ander modale aspekte van die samelewingsverband (vgl. Figuur 2.1) om die betrokke samelewingsverband te kwalifiseer, hom *anders* as al die ander te maak. Volgens Schoeman (1979: 111) bepaal die bestemmingsfunksie die *radikaal-tipes* van samelewingsverbande. Van der Walt *et al* (1983: 245) noem die bestemmingsfunksie ook die kwalifise=rende funksie van die samelewingsverband. As voorbeeld kan die staat geneem

word: omdat die staat verantwoordelik is vir die beskerming van die juridiese regsbelange van die burgery, is sy bestemmingsfunksie geleë in die juridiese aspek van die modale struktuurmoment van die werklikheid. (Schoeman, 1979: 114, Strauss, 1978 (b): 314, Taljaard, 1976: 243-245).

Verderaan in hierdie navorsingsverslag word die uniekheid van die huwelik (paragraaf 3.3.2.5), die ouerhuis (paragraaf 3.3.3.4) en die skool (paragraaf 3.3.4.4) bepaal op grond van elkeen se funderings- en bestemmingsfunksie[1]. Dit is dus duidelik dat sonder die inagneming van die modale faset van die samelewingsverbande die bepaling van 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser nie moontlik is nie, want die uniekheid en kompetensieterreine van die ouerhuis en die skool kan slegs bepaal word op grond van kennis van en insig in die modale struktuurmoment van samelewingsverbande wat deel is van God se skeppingswerklikheid.

### 3.2.6.5 Die individuele faset van die samelewing

Die individuele struktuurmoment van die werklikheid dui op die uniekheid van die verskeidenheid geskape dinge, elkeen met 'n eie struktuur en wet(-te), wat van mekaar onderskei kan word. (Vgl. paragraaf 2.2.5.2.6).

Noukeuriger ontleed, lyk die individuele struktuurmoment van die werklikheid soos volg: 'n Besondere wet, wat die ontiese wet[2] genoem word en in die skeppingswil van God gegrond is, geld vir elke afsonderlike samelewingsverband. Die modale struktuurmoment van die werklikheid werp lig op laasgenoemde stelling, want elke individuele struktuur (i.c. samelewingsverband) het 'n bepaalde wet (-skring) (vgl. die bestemmingsfunksie in paragraaf 3.2.6.5) wat so prominent in die bestaan en funksionering van diê besondere struktuur (samelewingsverband) is, dat die tipiese van diê struktuur (samelewingsverband) deur diê wet (-skring) bepaal word. Hierdie struktuurwet dui op die uniekheid van elke struktuur (samelewingsver=

---

1) In paragraaf 3.3.1 word gemotiveer waarom juis diê drie samelewingsverbande aan die orde kom.

2) Die woord ontologie kom van die oorspronklike twee Griekse woorde *to ontos* (die ding wat syn of is) en *logos* (woord, rede, spraak) (Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 247). Die ontiese wet is dus die wet (*wils=openbaring* van God) wat geld vir 'n/die synde of issende.

band); daarom kan elkeen (samelewingsverband) van die ander onderskei word. (Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 246; Postma, 1983 (a): 160-163 en Dooyeweerd 1, 1969: 100-104).

Vir die bapaling van 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhou= ding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser beteken voorgaande uiteen= setting dat die ouerhuis uniek is, anders is as die skool, en dat die een nooit die ander kan wees nie. Elkeen, soos bepaal deur sy unieke struktuur kan met relatiewe gesag oor sy eie bevoegdheidsterrein optree, maar steeds moet die universele aspekte (vgl. paragraaf 3.2.3) van alle subjekte (i.c. samelewingsverbande) wat die beginsel van universaliteit in eie kring (vgl. paragraaf 3.2.5) ten grondslag lê, eerbiedig word.

## 3.3 Relevante samelewingsverbande vir die bepaling van 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/ onderwyser

### *3.3.1 Oriëntering*

In hierdie navorsing wat oor ouer-onderwyserkontak handel, en daarom by impli= kasie ook oor die samewerking tussen ouers en onderwysers in die *opvoeding* en (opvoedende) onderwys van kinders, moet daar besin word oor die verskillende samelewingsverbande wat direk of indirek met kinder*opvoeding* verband hou.

Daar is veral vier sulke samelewingsverbande wat in 'n mindere of meerdere mate met die opvoeding van onvolwassenes of kinders te doen het, naamlik die ouer= huis, die skool, die kerk en die staat. Hierdie navorsing fokus egter hoof= saaklik op die ouerhuis waarvan die huwelik deel vorm, want die huwelik vorm die grondslag vir die Christelike ouerhuis. (Postma en Van der Walt, 1984: 32). Dit is belangrik omdat die *ouerhuis* en skool diê samelewingsverbande is waar= in ouers en onderwysers (ouer-onderwyserkontak moet fundamenteel opvoedkundig gepresiseer word) van die belangrikste partye is.

Die ouerhuis is die primêre opvoedingsinstansie waar die vader en die moeder afsonderlik en gesamentlik 'n unieke opvoedingstaak het. (Vgl. Strauss, 1978 (b): 276). Die ouerhuis is die eerste, en die primêre plek of ruimte waar kinders gebore word, grootgemaak en opgevoed word. Die skool is 'n sekondêre (opvoe= dende) onderwysinstansie wat selfstandig funksioneer en nooit die ouerhuis kan vervang nie (vgl. paragraaf 2.2.5.2.14), maar tôg die gekompliseerde opvoedende

*onderwys*taak (met die klem op die onderwysende faset) van die ouerhuis moet voortsit. Omdat die ouers en die onderwysers baie nóú in 'n vennootskap moet saamwerk (vgl. paragraaf 1.3), en ouers 'n belangrike party van die ouerhuis is en onderwysers 'n belangrike party van die skool is, word die ouerhuis en die skool as samelewingsverbande breedvoerig behandel.

In hierdie oriënteringsparagraaf word volledigheidsonthalwe ook die (indirekte) betrokkenheid van die kerk en die staat by die opvoeding (soms ook opvoedende onderwys) van kinders kortliks omlyn. Dit word verder in berekening gebring dat samelewingsverbande op grond van hulle enkaptiese vervlegtheid (vgl. paragraaf 3.2.5) nooit van mekaar geskei mag word nie. Daarom sal daar soms sydelings na die opvoedingstaak en -verbondenheid van die kerk en die staat met die ouerhuis en die skool verwys word. Slegs in die mate wat kerk en staat se opvoedingstaak verband hou met dié van die ouerhuis en die opvoedende onderwystaak van die skool (waar ouers en onderwysers met mekaar kontak maak) sal dit bespreek word.

Die kerk, wat as taak het om die verbondskinders te lei deur middel van kategese in die verborgenheid van die geloof (die pistiese) en om hulle te bind aan die Woord van God, het 'n eiesoortige belang by die opvoeding van sy eie lidmate. "Deur kategetiese onderrig in die geloofswaarhede lei die kerk sy lidmate tot verantwoordelike belydenisaflegging". (Van der Walt en Dekker, 1983 : 90-91). Die kerk verrig sy opvoedingstaak dus in ooreenstemming met sy pistiese kwalifiseringsfunksie. (Vgl. paragraaf 2.2.5.2.6). Dit lê verder op die weg van die kerk om hom te vergewis daarvan of die doopbelofte van die verbondsouers, tuis en in die skool nagekom word, naamlik "om hierdie kind, van wie u vader en/of moeder is, as hy tot sy verstand gekom het, in hierdie leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig(?)" (Doopsformulier, 1976: 112).

Die staat moet op sy beurt toesien dat wette, reëls en orde gehandhaaf word (Spier, 1950: 203 en Dooyeweerd, III, 1969: 379-465). Die staat moet, omdat sy interne bestemmingsfunksie die handhawing van reg en die voorkoming van onreg behels, wetsoortreders verhoor en straf en beheer indien nodig, sodat alle landsburgers (ook die kinders) 'n veilige lewe in 'n geborge ruimte kan ly. Die staat sien dus toe dat 'n geordende staatsopset dit vir die landsburgers moontlik maak om doelgerigte opvoedende onderwys in skole te bedryf. Die staat as samelewingsverband lewer dus die betekenisvolle bydrae dat alle wetsgehoorsame ouers en onderwysers as vennote in die ouerhuis en die skool ordelik kan saamwerk in hulle vennootskapshandeling om kinders op te voed en te onderwys.

In die volgende paragrawe sal die samelewingsverbande wat relevant is vir hierdie navorsing, naamlik die huwelik, die ouerhuis en die skool in fynere detail behandel word.

### *3.3.2 Die Christelike huwelik*

#### 3.3.2.1 Die verband tussen die huwelik en gesin

Omdat sinvolle en doelmatige kontak slegs vanuit 'n harmoniese huwelik as deel van die gesin met ander samelewingsverbande (hier veral die skool) moontlik is (vgl. Duvenage, 1983: 216, asook paragraaf 2.2.5.2.6), moet daar 'n oorsig van die huwelik as samelewingsverband gegee word.

Wanneer 'n man en 'n vrou binne die konteks van die Christelik Westerse beskawing mekaar innig liefkry, tree hulle met mekaar in die huwelik en moet hulle be=reid wees om saam te bou aan 'n Christelike huwelik waaruit normaalweg kinders gebore word. Die huwelik moet van die gesin onderskei word, maar nie geskei word nie (vgl. paragrawe 3.3.2.5 en 3.3.3.4). Of daar kinders uit die huwe=likspaar gebore word of nie, die huwelik tussen man en vrou bly steeds bindend.

Die gesonde verhouding tussen man en vrou as huwelikspaar speel 'n belangrike rol by die totale opvoeding van die kind (Swart, 1983: 7-8), want tereg beweer Van der Walt (T. 1983: 7) dat gebroke ouerhuise die "hartseer agtergrond" van baie kinders is. Laasgenoemde impliseer dat 'n gebroke huwelik of gesin inter=menslike verhoudinge benadeel; gevolglik kan dit ook 'n nadelige uitwerking op die samewerking tussen ouers en onderwysers hê.

As die ouers as huweliksmaats in harmonie saamleef, kan hulle gesamentlik die opvoedende onderwysbelange van hulle kinders beter behartig in hulle kontak met die skool as wanneer slegs een ouer alleen of die twee afsonderlik van me=kaar vir hulle kinders by die skool moet intree. (Malan, 1981: 1847).

Op grond van bogenoemde argument naamlik dat die harmoniese huwelik die grond=slag vir 'n ewewigtige gesin vorm, is dit duidelik dat die huwelik as samele=wingsverband kortliks in oënskou geneem moet word om uiteindelik uit te kom by die kontak van ouers en onderwysers in belang van die opvoedende onderwys van hulle kinders/leerling.

### 3.3.2.2 Die wet van God en die huwelik

God, die skepper van die ganse werklikheid (vgl. paragraaf 3.2.3), is ook die skepper van die huwelik. In God se Woord kan sy bedoeling met die huwelik gevind word. So is die huwelik as subjek ondergeskik aan God se (struktuur- en liefdes-) wet wat geld vir die huwelik. Die mens as verantwoordelike heer=ser oor God se skepping, het die vermoë van God ontvang om sy wet vir die huwelik, in ooreenstemming met Skrifperspekteiwe wat vir die Christelike huwe=lik geld, te ontdek en te positiveer. Die mens moet, onder die besef dat hy 'n sondige maar verloste wese is, in verantwoordelikheid die huwelik as same=lewingsverband beheers - tot eer van God.

### 3.3.2.3 Die huwelik as primêre samelewingsverband

Die huwelik is 'n primêre samelewingsverband, dit wil sê, die huwelik as same=lewingsverband is deur God self ingestel en moet deur die mens op hierdie aarde in gehoorsaamheid aan God se wet in stand gehou word. Tereg wys Strauss (1978 (b): 267e.v.) daarop dat die huwelik deur God van skeppingsweë verordineer is as 'n twee-eenheidsgemeenskap van liefde vir die lewensduur (vgl. paragraaf 2.2.5.2.9) van die huwelikspaar.

### 3.3.2.4 Die ontstaan van die Christelike huwelik

Die Christelike huwelik se ontstaan word uit God se Woord, soos gelees kan word in Genesis 2: 20-24, duidelik:

> „[20]*Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke,ge=kry nie.* [21]*Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op,* [22]*en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.*
>
> [23]*Toe sê die mens:*
>
> *'Hierdie keer is dit een uit myself,*
> *een soos ek.*
> *Daarom sal sy 'vrou' genoem word;*
> *sy is uit die man geneem.'*
>
> [24]*Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word."*

Die Huweliksformulier (1976: 151-157), wat deur gereformeerde opvoedkundiges aanvaar word, wys duidelik daarop dat die huwelik 'n instelling van God is en dat Hy 'n behae daarin het. God seën die getroudes, maar diê wat in ontug lewe, oordeel en straf Hy. Net soos Eva na Adam gelei is deur God, so lei Hy vandag nog elke man se vrou as't ware met sy hand na hom toe. Jesus Christus eer die huwelik so hoog dat Hy die huwelik te Kana bywoon en sy eerste wonderwerk daar verrig (Johannes 2: 1-11). God is dus die maker en onderhouer van die huwelik.


3.3.2.5 Die struktuur van die Christelike huwelik

Die huwelik as deel van God se geskape werklikheid openbaar, soos alle geskape dinge, die vier struktuurmomente van die werklikheid (vgl. paragraaf 3.2.6.1), naamlik die religieuse, die temporele, die modale en die individuele fasette.

Religieus kan die huweliksmaats en daarom ook die huwelik as samelewingsver= band Godgerig of afgodgerig wees. Die gelowige man en vrou wie se harte re= ligieus gebind is aan die Drie-enige God van die Heilige Skrif besef dat die doel van die huwelik is om as huweliksmaats getrou aan mekaar te wees en om binne die huwelik verantwoordelik te bou aan die menslike geslag.

Die huwelik is in sy wese gebind aan tyd. Daar is 'n tyd vir verliefdes, ver= loofdes en getroudes. Die huwelik hou nie op bestaan as kinders gebore word nie, die huwelik en gesin is terselfdertyd enkapties vervleg met mekaar. (Strauss, 1978 (b): 267e.v.). Die liefde, wat die doelfunksie (bestemmings= funksie) van die huwelik is neem ook mettertyd toe. Aanvanklik is die liefde meer op die erotiese aspek gerig maar gaandeweg verinnig die liefde na 'n liefde soos 'n mens dit in die bekende woorde van 1 Korintiërs 13 (*agapê*) vind. Die tydsgebondenheid van die liefde in die huwelik kan grafies soos volg voorgestel word.

Figuur 3.3 (vgl. Duvenage, 1983: 215). Tyd en liefde in die huwelik.



Die huwelik openbaar in sy bestaanswyse verder al vyftien die modaliteite waar= van daar sprake is in die modale struktuurmoment van die werklikheid. (Vgl. Figuur 2.1). Dat die Christelike huwelik al vyftien die modaliteite of be= staanswyses in sy struktuur openbaar, beteken ten opsigte van elke modaliteit kortliks die volgende:

Tabel 3.1 Die struktuur van die Christelike huwelik

| Wetskring en sinkern[1] | Implikasies vir die huwelik |
|---|---|
| Pistiese (geloof en vaste ver= troue) | Man en vrou as huweliksmaats moet afsonderlik en gesamentlik in hulle huwelik glo in God en vas op Hom vertrou. Hulle moet in alle fasette van hulle huwelikslewe geloofsekerheid nastreef en uitleef, ook in hulle geloof in mekaar as hu= weliksmaats en in die huwelik as vaste samelewingsverband soos deur God ingestel. |
| Etiese (morele lief= de en lief= desorg) | Die huwelik se bestemming is geleë in die etiese modaliteit; daarom streef die Christelike huwelikspaar doelgerig daarna om mekaar altyd lief te hê. |
| Juridiese (reg en onreg, vergelding) | Die huwelikspaar laat in liefde reg teenoor mekaar geskied, ook waar die gesagsverhouding ter sprake is, ter wille van die goeie orde en reëls in die huwelik. |
| Estetiese (skone har= monie) | In die huwelikslewe en -verhouding heers harmonie tussen die egpaar, want hulle moet in liefde en eensgesindheid saamleef en mekaar respekteer. |
| Ekonomiese (waarde-afwe= ging, bespa= ring) | Die man en vrou moet as huweliksmaats in mekaar se lewens= behoeftes voorsien en bereid wees om tyd en energie ekono= mies te gebruik. |

1) 'n Wetskring het 'n wets-kern of 'n sinkern wat daardie wetskring, modaliteit of aspek van die werklikheid kwalifiseer en tipeer. (Vgl. Van der Walt en Dekker, 1983: 49).

| Wetskring en sinkern | Implikasies vir die huwelik |
|---|---|
| Sosiale (omgang en verkeer) | Die onderlinge omgang en verkeer tussen man en vrou in die huwelik moet gekenmerk word deur wedersydse vertroue omdat ook sosiale verkeer in die huwelik deur die etiese bestem=mingsfunksie gerig en gelei word. |
| Linguale (simboliese betekening) | Liefde karakteriseer die wedersydse respek tussen huweliks=maats in hulle taalgebruik en - kommunikasie met mekaar en in simbole wat tekens van die liefde is (i.c. trouring, blomme, ensovoorts). |
| Historiese (kultuurvor=mende mag) | Twee mense wat in die huwelik verbind word, bring 'n nuwe samelewingsverband tot stand; daarom vorm die historiese modaliteit ook die funderingsfunksie van die huwelik. Elke huwelik het 'n bepaalde styl, wat deur die liefde gesteun word. |
| Logiese (analitiese onderskeiding) | Huweliksmaats moet met verstandige onderskeiding onder lei=ding van die etiese modaliteit die huwelik in stand hou en uitbou tot eer van God. Die man moet die vrou verstandig lei, onderrig, vertroos en beskerm. (Huweliksformulier, 1976: 153). |
| Psigiese (gevoel) | Man en vrou as huwelikspaar moet hulle drange en emosies (hulle gevoelens) ken, beheer en onder leiding van die liefde rig tot die verstewiging van die huweliksbande. |
| Biotiese (organiese lewe), fisiese (energiewer=king), kine=matiese (bewe=ging), ruimte=like (kontinue uitgebreid=heid), getal (onderskeie hoeveelheid) | Ten opsigte van die benede-psigiese funksies weet die man en vrou van die Christelike huwelik dat hulle mekaar se le=wens (die biotiese funksie) moet respekteer en dat daar na hulle eenwording wat gerig word deur liefde kinders gebore mag word. Die huwelikspaar is daarop aangewese om mekaar te versorg en van voedsel te voorsien vir hulle energie en beweging (fisies-kinematiese funksies), terwyl 'n doelmatige woning (ruimtelike funksie) noodsaaklik is, waarin sowel die man as die vrou as individue (getalsmatige funksie) ten volle kan ontplooi. |

Die huwelik het 'n eie individuele aard en struktuur wat hom van ander samele= wingsverbande onderskei. Dit kan afgelei word uit die huwelik se funderings- en bestemmingsfunksie wat van die van ander samelewingsverbande verskil. Die huwelik is gefundeer in die historiese funksie en word gekwalifiseer deur die etiese modaliteit. (Vgl. Van der Walt en Dekker, 1983: 90 en Duvenage, 1983: 217). Ter illustrasie van die verskillende strukture van samelewingsverbande soos onder andere bepaal word deur elkeen se funderings- en bestemmingsfunk= sie, word verwys na Figuur 3.4.

Figuur 3.4 Die funderings- en bestemmingsfunksies van samelewingsverbande

| Samele= wingsverb. | Mod. | Samele= wingsverb. | Mod. | Samele= wingsverb. | Mod. | Samele= wingsverb. | Mod. | Samele= wingsverb. | Mod. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | P | | P | | P | bf | P | | P |
| bf | E | bf | E | | E | | E | | E |
| | J | | J | | J | | J | bf | J |
| Die huwe= lik (Grond= slag van gesin) | Es | Die ouer= huis (Pri= mêre op= voedings= instansie) | Es | Die skool (Sekondêre opvoe= dingsin= stansie) | Es | Die kerk Kategese (verbonds= jeug) | Es | Die staat (wet en orde) | Es |
| | Ek | | Ek | | Ek | | Ek | | Ek |
| | S | | S | | S | | S | | S |
| | L | | L | | L | | L | | L |
| ff | H | | H | ff | H | ff | H | ff | H |
| | A | | A | bf | A | | A | | A |
| | P | | P | | P | | P | | P |
| | B | ff | B | | B | | B | | B |
| | F | | F | | F | | F | | F |
| | K | | K | | K | | K | | K |
| | R | | R | | R | | R | | R |
| | G | | G | | G | | G | | G |

Ten slotte kan vermeld word dat die huwelik hom ook in andere vorme manifes= teer as net die Christelike. Daar is onder meer die poligame huwelik waar een man meer as een vrou het en die poliandriese huwelik waar een vrou meer as een man het. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word egter net op die Christelike huwelik gekonsentreer, aangesien ouer-onderwyserkontak in die Westerse samelewing die fokuspunt van hierdie navorsing is.

3.3.2.6 Gevolgtrekking

Die Christelike huwelik wat in sy gesinsverband gesien word, is primêr deur God ingestel en uit sy Woord is dit duidelik dat God 'n behae het in 'n kuise en getroue huwelikslewe. Die Christelike huwelik is tydgebonde, gefundeer in die historiese modaliteit en word gekwalifiseer deur die etiese modaliteit. Op grond van sy unieke struktuur is die huwelik anders as ander samelewings= verbande. Elke anastaties-gerigte huwelikspaar kan in die voltrekking en be= lewing van 'n harmoniese Christelike huwelik, God en hulle naaste optimaal dien. Indirek lewer die volmaakte Christelike huwelik 'n bydrae tot sinvolle ouer-onderwyserkontak. (Vgl. paragraaf 3.3.2.1).

*3.3.3 Die Christelike ouerhuis en sy opvoedende onderwystaak*

3.3.3.1 Inleidende opmerkings

Die Christelike ouerhuis spruit voort uit die Christelike huwelik. Baie van die beginsels vir die huwelik is ook geldend vir die Christelike ouerhuis; daarom word dié beginsels en sake wat slegs betrekking het op die ouerhuis vollediger bespreek.

Die unieke aard van die ouerhuis bepaal die opvoeding van kinders binne die gesin sodanig dat ouerlike opvoeding ook 'n eie onherleibare innerlike aard het, wat deur geen ander samelewingsverband oorgeneem kan word nie (Van der Walt en Dekker, 1983: 92). Dit is daarom nodig om vas te stel wat die oor= sprong, wese, aard en struktuur van die ouerhuis is en wat die ouerlike op= voedingstaak behels. Sodoende kan die kompetensieterrein (vgl. paragraaf 3.2.4) van die ouerhuis bepaal word sodat ouers ên onderwysers sal weet watter (op= voedings-) terreine eie terreine is (vgl. Figuur 3.2) en watter weer gesament= lik deur ouers en onderwysers hanteer kan/mag word.

3.3.3.2 Die wet van God en die ouerhuis

Die Christenopvoedkundige bely dat God die gesin/ouerhuis in sy raadsplan vir die mens op aarde verordineer het. Skrifgegewens (byvoorbeeld Kolossense 3: 18-22 en Deut. 6) en Skrifperspektiewe dui daarop dat God die menslike ge= slag primêr in ouerhuise met elk sy eie gesagstruktuur geplaas het en dat Hy die menslike geslag binne die huweliks- en gesinsverband wil uitbou en ver= meerder. Net soos in die geval van die huwelik (vgl. paragraaf 3.3.2.2), is die Christen geroepe om die gesin wat uit een man, een vrou en kind(-ers) be= staan in stand te hou, uit te bou en te respekteer - tot eer van God.

3.3.3.3 Die ouerhuis as primêre samelewingsverband

Net soos die huwelik (vgl. paragraaf 3.3.2.3) is die gesin 'n primêre samele= wingsverband. (Rullmann, 1928: 238 en Vollenhoven, 1953: 46-47). Die gesin is die intiemste samelewingsverband, want die gesinslede word aan mekaar ver= bind met bloedbande. Coetzee (1965: 164 en 279) beskou die gesin as een van die kleinste samelewingsgroepe, die gesin is universeel en is die eerste be= liggaming van die bindende, versorgende, ordeliewende en verenigende liefde vir die kind. (Vgl. paragraaf 2.2.5.2.5). As sodanig onderskei die gesin hom van die ander samelewingsverbande as primêre, unieke verband. (Van der Molen, 1979: 156e.v.).

3.3.3.4 Die struktuur van die ouerhuis

Die gesin, net soos die huwelik (vgl. paragraaf 3.3.2.3), openbaar die vier struktuurmomente van die werklikheid.

Religieus bely die Christen dat God self die gesin as primêre samelewingsver= band ingestel het (Van der Walt en Dekker, 1983: 92) en dat die gesin tot eer van God moet gedy.[1)]

Die gesin is ook tydgebonde. So is daar 'n tyd vir trou, vir babas kry en in die groei en ontwikkeling van die gesin word babas peuters, peuters word kleu= ters, kleuters word pubers en pubers word adolessente. In die gesin moet

---

1) Die gesin as universele samelewingsverband kan egter ook apostaties ge= rig wees.

ouers kragtens die doopbelofte in die versorging en opvoeding van hulle kin= ders daaraan werk om as huweliksmaats en as ouers saam met hulle kinders al die ontwikkelingsfases van die kinders blymoedig en met verantwoordelikheid te belewe sodat die verbondskinders tot beskawingsvolwassenes kan ontplooi.

Aangesien die samestelling van die gesin rus op bloedverwantskap, is die ouer= huis gefundeer in die biotiese funksie (Figuur 3.4). Die gesin openbaar ver= der in sy bestaanswyse al vyftien die modaliteite. (Vgl. Figuur 2.1). Die bestemmingsfunksie van die gesin is geleë in die etiese funksie, want dit is allereers die taak en roeping van ouers en kinders om mekaar lief te hê. In= tern moet gesinslede onderlinge liefde beoefen en as eksterne doelordening (Taljaard, 1963: 90e.v. en Van der Walt en Dekker, 1983: 91) moet gesinslede gebring word tot mediensbaarheid aan ander samelewingsverbande soos die skool, die kerk, die staat en die voortsetting van die bedryfslewe.

Ten slotte het die gesin 'n unieke samestelling wat hom onderskei van ander samelewingsverbandè. Hierdie uniekheid is geleë in die gesin se struktuurwet (vgl. Figuur 3.4) wat aan die gesin ook 'n eie struktuur en samestelling ver= leen (vgl. paragraaf 3.2.4) en aan hom 'n bepaalde kompetensieterrein verskaf. Die skool kan daarom nooit die plek van die ouerhuis inneem nie en die onder= wyser as deel van die skool kan daarom nooit die ouer as deel van die gesin vervang nie. Elke gesin vertoon ook 'n individuele karakter en styl in sy be= staanswyse wat hom van ander gesinne onderskei. (Vgl. paragraaf 3.3.3.5).

### 3.3.3.5 Die opvoedingstaak van die ouerhuis

#### 3.3.3.5.1 Oriëntering

Die uniekheid van die oorsprong, struktuur en bestemming van die gesin hou in dat ouerlike opvoeding eiesoortig is. Die andersheid van ouerlike opvoeding moet ontleed word sodat dit in die uiteensetting verderaan duidelik aangetoon kan word wat die opvoedingstaak van die ouer presies behels teenoor die (op= voedende) onderwystaak van die onderwyser as deel van die skool as samelewings= verband.

#### 3.3.3.5.2 Die religieuse faset van ouerlike opvoeding

Opvoeding as verskynsel het sy oorsprong by God, daarom het die opvoeder (i.c. die verbondsouers) die goddelike opdrag en roeping om die opvoedeling (i.c.

die verbondskind) deur opvoeding te bring tot sy bestemming van Godsverheer= liking. (Vgl. die Huweliksformulier, 1976: 152 en Van der Walt en Dekker, 1983: 66).

Christelike ouerlike opvoeding behels die totale godsdienstige opvoeding van die verbondskind in al sy lewensfasette sodat die opvoedeling se verhouding tot God deur die woorde en dade van die ouer in vaste Christelike bane[1)] ge= lei word. (Duvenage, 1983: 22). Die religieuse bepaaldheid van Christelike ouerlike opvoeding impliseer dat verbondsouers kragtens die doopbelofte moet toesien dat alle opvoeding ten opsigte van hulle eie kinders wat deur ander samelewingsverbande as die ouerhuis onderneem word, in ooreenstemming met die Christelike gees en rigting van die ouerhuis sal geskied. Vandaar die verant= woordelikheid en plig van verbondsouers om medebepalers te wees van die gees en rigting of (Christelike) karakter van hulle kinders se skool.

3.3.3.5.3 Die temporele faset van ouerlike opvoeding

Ouerlike opvoeding as handeling word deur tyd omsluit. (Vgl. Schoeman, 1979: 5). Die tydsheid van opvoeding kom tot uitdrukking in die opvoeding as menslike handeling onder die wet van God. (Vgl. paragraaf 3.2.3). Die tydsheid van (ouerlike) opvoeding kom ook in al vyftien die modaliteite tot uitdrukking. (Vir 'n volledige uiteensetting van hierdie faset, vergelyk Van der Walt en Dekker, 1983: 60e.v.). Vir die ouer en onderwyser beteken die tydsgebondenheid van (ouerlike) opvoeding die volgende:

* Die opvoeders in hulle opvoedingshandeling sal rekening moet hou met die tydsomstandighede en -agtergrond waarteen opvoeding plaasvind;

* ouers en onderwysers sal in gedagte moet hou dat die opvoedeling in sy ver= skillende ontwikkelingsfases telkens op 'n ander wyse opgevoed moet word (vgl. Wadsworth, 1971: 25e.v.), en

* ouers en onderwysers sal beide as opvoeders in berekening moet bring dat die verloop van tyd op hulle as opvoeders ook 'n bepaalde invloed het.

Kennis en insig van die tydsgebondenheid van (ouerlike) opvoeding vorm dus 'n

---

1) Nie-christelike ouers sal, in ooreenstemming met hulle apostatiese harts= gegrepenheid, hulle kinders in diens van hulle afgod opvoed.

belangrike komponent van die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser. Begrip van die tydsgebondenheid van (ouerlike) opvoeding hou in dat ouers en onderwysers (sal) besef dat opvoedingswyses sal aanpas by die ontwikkelingsvlak van die kind en by die eise van die tyd.

3.3.3.5.4 Die modale faset van ouerlike opvoeding

Ouerlike opvoeding is histories gefundeer en gerig op veral die ontsluiting van die kind se hele aktstruktuur. Vervolgens word in hierdie paragraaf prinsipieel-besinnend vasgestel wat ouerlike opvoeding uniek maak. In hierdie verband word die feit dat die ouerhuis 'n eiesoortige struktuur het met sy funderingsfunksie in die biotiese en sy bestemmingsfunksie in die etiese mo= daliteit (vgl. paragraaf 3.3.3.4) weer benadruk, want dit beteken dat alle ouerlike opvoeding ten grondslag het die bloedbande wat ouers en kinders bind en tot doel het die volle uitlewing van ouerlike liefde.

Ten opsigte van die vyftien modaliteite (vgl. Figuur 2.1) behels ouerlike opvoeding die volgende:

Tabel 3.2 Ouerlike opvoeding binne die modale struktuurmoment van die werk= likheid

| Wetskring en sinkern | Implikasies vir ouerlike opvoeding |
|---|---|
| Pistiese (geloof en vaste ver= troue) | Ware en egte geluk in die gesin kan slegs ervaar word as die ewige Drie-enige God in alle opsigte gedien word. Die ouers moet hulle verbondskinders tot eer van God opvoed, en dit kan slegs geskied deur 'n totale lewens= instelling, naamlik om God oral en altyd te dien en om die gesinslede se geloof te bou en te versterk deur ge= reelde kerkbywoning, huisgodsdiens en om kerklike fees= dae in ere te hou. Die ouerhuis moet vir ouers en kinders geborgenheid bied. |
| Etiese (morele liefde en liefdesorg) | In die gesin is die liefde die grondslag vir alle op= voedingshandelinge en dus van deurslaggewende belang. Gelukkige en geslaagde gesinsopvoeding word verseker deur wedersydse liefdebetoning dwarsdeur die bestaan van die |

| Wetskring en sinkern | Implikasies vir ouerlike opvoeding |
|---|---|
| | gesin vandat die kind gebore word totdat hy later self 'n gesin het. Op die stadium is sy positiewe ervaringe as kind binne die gesin die maatstaf van sukses wat hy in sy eie ouerlike opvoeding behaal. |
| Juridiese (reg en onreg, ver= gelding, reël= baarheid) | Steeds moet die vader as hoof van die gesin in liefde en regverdigheid sy gesag uitoefen en sy vrou moet hom in hierdie taak liefdevol bystaan. Die kinders moet besef dat ware vryheid slegs in gehoorsaamheid kan gedy; daar= om moet daar bepaalde huisreëls wees wat hulle moet ge= hoorsaam vir die goeie orde in die gesin. |
| Estetiese (skone harmo= nie) | 'n Harmoniese gesinslewe werk bevorderend in op ouerlike opvoeding, daarom moet die ouers saam met hulle kinders altyddeur poog om die skone en mooie van 'n harmoniese saamlewe te bewerkstellig. |
| Ekonomiese (waardeafweging, besparing) | Suksesvolle ouerlike opvoeding kan onder meer slegs ge= skied as ouers en kinders gereeld bestekopnames van tyd-, geld- en energiebesteding maak. Ouers moet hulle kinders van kleins af leer om waardes af te weeg, om byvoorbeeld oordeelkundig met geld te werk en om respek te hê vir waardevolle goed. |
| Sosiale (omgang en verkeer) | Ouers en kinders moet take saam aanpak, sodat alle ge= sinslede sosiaal sinvol kan saamlewe binne en buite die gesin. Liefde tot God en liefde vir jou naaste moet deur ouerlike opvoeding by kinders tuisgebring word in hulle sosiale betrekkinge. |
| Linguale (simboliese betekening) | Deur die woord, deur gebare wat van toegeneentheid (of selfs afkeur by ongehoorsaamheid van kinders) en empa= tie getuig, kan ouers en kinders as gelukkige gesin deur ouerlike opvoeding steeds nader aan mekaar beweeg. |
| Historiese (kultuurvormende mag) | Die uniekheid van gesinsopvoeding lê verder daarin dat ouers en kinders mekaar ken en respekteer vir die beson= dere talente tot kultuurskepping wat elkeen ontvang het. |

| Wetskring en sinkern | Implikasies vir ouerlike opvoeding |
|---|---|
| | Elke kind in die gesin het sy eie vermoë tot kultuur=skepping en geslaagde ouerlike opvoeding is onder andere aangewese op die ontdekking, begeleiding en ontplooiing van kindertalente deur liefdevolle ouers. |
| Logiese (analitiese onderskeiding) | Om te kan onderskei met sy verstand, om te ontleed en om logies te dink, is van die gawes wat die mens (i.c. die kind) anders as alle ander lewende skepsele maak. Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om deur middel van opvoeding hulle kinders reg te leer dink en onderskei deur hulle van kleins af voor uitdagings en probleme (wat nie bokant hulle oplossingsvermoë is nie) te stel. |
| Psigiese (gevoel) | Die mens as kroon van God se skepping het die vermoë ontvang om oor sy emosies te heers. Ouers mag daarom in hulle ouerlike opvoeding nie onbeheersd kwaad word vir hulle kinders nie en hulle moet hulle kinders liefde=vol begelei tot selfbeheersing. |
| Biotiese (organiese lewe), fisiese (ener=giewerking), kinematiese (beweging), ruimtelike (kontinue uit=gebreidheid), getal (onder=skeie hoe=veelheid) | Wat die benede-psigiese funksies betref, weet die ouers dat God aan hulle kinders geskenk het (die biotiese funksie) en dat hulle kinders ook so opgevoed moet word dat hulle respek vir die lewe sal hê. Die ouers moet, om waarlik te kan opvoed, hulleself en hulle kinders fi=siek versorg deur genoegsame voedselvoorsiening vir nor=male energie en beweging (fisiek-kinematiese funksies). Ouerlike opvoeding kan eers waarlik doelgerig plaasvind in 'n geskikte ouerhuis (ruimtelike funksie) waarin elke gesinsindividu (getalsmatige funksie) tot sy volle ont=plooiing kan kom. |

Ouerlike opvoeding is in al sy onderskeie fasette 'n eenheidshandeling, want per slot van rekening is die ouerhuis 'n oefenskool vir die lewe en 'n voorberei=ding vir die kind se eindbestemming, naamlik hemelburgerskap.

Die modale faset van ouerlike opvoeding vorm dus 'n verdere belangrike kompo= nent van die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser, want as ouers en onderwysers al die ouerlike opvoedingswyses in ag neem in hulle kontak met mekaar, kan ouer-on= derwyserkontak doelmatig plaasvind.

3.3.3.5.5 Die individuele faset van ouerlike opvoeding

Die ouerhuis se unieke samestelling (vgl. paragraaf 3.3.3.4) bring mee dat op= voeding in die huisgesin nie deur enige ander vorm van opvoeding vervang kan word nie. Die skool as samelewingsverband kan daarom nie die huis vervang nie en die onderwyser nie die ouer nie (Van der Walt, Dekker en Van der Walt 1983: 256).

3.3.3.5.6 Gevolgtrekking

God het in sy raadsplan die gesin of ouerhuis vir die mens as primêre samele= wingsverband met 'n unieke samestelling en 'n eie opvoedingstaak verordineer. Opvoedkundiges en opvoeders (ouers en onderwysers) moet, om reg te laat geskied aan die wetenskaplike deurvorsing van die opvoedingsverskynsel (vir opvoedkun= diges) en om opvoeding waar en reg toe te pas (vir die opvoeders), kennis dra van die ouerhuis en sy opvoedingstaak.

Hierdie wetenskaplike kennis van die ouerhuis en sy opvoedingstaak wat in die voorafgaande paragrawe behandel is, vorm deel van die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onder= wyser.

*3.3.4 Die skool en sy opvoedende onderwystaak*

3.3.4.1 Inleidende opmerkings

In hierdie navorsing, wat primêr handel oor ouer-onderwyserkontak, is dit nood= saaklik om 'n noukeurige studie van die ontstaan, wese en bestemming van die skool, waarby die ouers, onderwysers en leerlinge betrokke is te maak. 'n Duidelike omlyning van die struktuur van die skool as sekondêre samelewings= verband en sy kompetensieterrein maak die nadere presisering van ouer-onder= wyserkontak moontlik omdat die bevoegdheid van onderwysers binne die kader van hulle soewereine samelewingsverband (die skool) onder die loep geneem word.

### 3.3.4.2 Die wet van God en die skool

Die skool is 'n instelling van God. Alle skole vertoon onder alle omstandig= hede dieselfde strukturele eienskappe. (Vgl. paragraaf 3.2.3). God het dit vanaf die grondlegging van die wêreld so verordineer dat die mens tot die stigting van die skool sal oorgaan "ten einde 'n gespesialiseerde (en profes= sionele) inrigting daar te stel wat die kind se aangebore potensies tot Gods eer tot ontsluiting sal kan lei" (Schoeman, 1979: 112).

### 3.3.4.3 Die skool as sekondêre samelewingsverband

Op grond van wat in die vorige paragraaf gestel is, naamlik dat God aan die mens die vermoë en begeerte geskenk het om tot skoolstigting oor te gaan, is dit duidelik dat die skool 'n sekondêre samelewingsverband is, in teenstelling met die huwelik en die gesin wat as primêre samelewingsverbande deur God self verordineer is. (Taljaard, 1963: 76). Dit is onteenseglik waar dat die skool 'n sekondêre samelewingsverband is wat deur die mens self tot stand gebring is. Die mens het uit eie vrye keuse skole gestig en daaraan behoort, maar moet steeds in sy verantwoordelike beheersing van hierdie faset van die (samele= wings-) werklikheid as kroon van die skepping rekenskap aan God vir hierdie verleende gesag gee.

### 3.3.4.4 Die struktuur van die skool

Die skool, net soos die gesin (vgl. paragraaf 3.3.3.4) openbaar in sy bestaan al vier die struktuurmomente van die werklikheid.

Die skool kan religieus op God (anastaties) of op 'n afgod (apostaties) gerig wees. Geen "neutrale" skool is moontlik nie, want elke mens is 'n religieuse wese en het 'n bepaalde lewensopvatting en die skool is 'n samelewingsverband wat uit mense bestaan. In die stigting en instandhouding van samelewingsver= bande (i.c. die skool) aanvaar die mens 'n opdrag van God wat op sy hart beslag gelê het. (Vollenhoven, 1953: 48).

Die skool is tydsgebonde. Daar is 'n tyd vir skoolstigting, vir die volle ontplooiing van die skool en sy aktiwiteite en selfs vir die beëindiging daar= van. Die skool moet rekening hou met die tyd waarin hy bestaan en funksioneer, met ander woorde, die skool moet tred hou met die eise van die tyd. Die skool hou intern ook rekening met die tydsfaktor; so is daar periodes, dae, weke,

termyne en jare wat in roosters verreken moet word en die leerinhoude en on= derrigmetodes moet aanpas by die ontwikkelingsfase van die leerlinge.

Met sy stigting van die skool kom die mens sy kultuuropdrag na, naamlik om in verantwoordelikheid te heers oor die werklikheid. Daarom kan geponeer word dat die skool se funderingsfunksie in die historiese modaliteit geleë is, want skoolstigting is kultuurvorming. (Van der Walt en Dekker, 1983: 96). Die skool wat as opvoedende onderwysinrigting primêr daarop ingestel is om onder= rig-leersituasies te stig waartydens veral kognitiewe asook affektiewe en psigo-motoriese vaardighede aan die leerlinge oorgedra word, se bestemming is op grond van sy onderwysende karakter geleë in die ontsluiting van die logies-analitiese funksie van die mens (i.c. leerling). (Vgl. Figuur 3.4).

As unieke samelewingsverband met sy eie identiteitstruktuur onderskei die skool hom van alle ander samelewingsverbande. Die skool het 'n bepaalde eiesoortige taak en kompetensieterrein wat deur geen ander samelewingsverband oorgeneem kan word nie. Vir doelmatige ouer-onderwyserkontak beteken die eie aard van die skool dat biede ouer en onderwyser kennis moet neem van die feit dat die onderwyser die gesagsdraer en onderriggewer in die skool is. Die onderwyser kan alleenlik die status verkry deur sy professionele opleiding en gesitueerd= heid in die onderrigleersituasie, wat logies-analities gekwalifiseer is, en wat deur alle ander belanghebbendes gerespekteer moet word.

3.3.4.5 Die opvoedende onderwystaak van die skool

3.3.4.5.1 Oriëntering

Daar is drie partye wat gesamentlik die skool vorm, naamlik die ouers (onder= wysverlangendes ouers/grootouers, gemeenskap), die leerlinge (onderrigbehoef= tiges) en die onderwysers (professionele onderriggewers). Dit is, kragtens die doopbelofte die verbondsouers se verantwoordelike plig om hulle kinders in die vrese van die Here te onderrig of te laat onderrig.[1] Die veeleisende gedif=

---

[1] In die Formulier om die Doop aan die kinders van gelowiges te bedien (1976: 112) kom die volgende woorde voor: "Beloof u en is dit u voorneme om hier= die kind, van wie u vader en/of moeder is, as hy tot sy verstand gekom het, in hierdie leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?" Hierdie be= lofte van ouers het direk betrekking op die onderrig van die kerkleer, maar vir die gelowige ouer beteken die onderrig in die kerkleer by implikasie ook dat hy sy primêre opvoedingsroeping in 'n breër verband sal uitleef en ook sal toesien dat alle (opvoedende) onderwys van sy kind in ooreenstem= ming met sy Christelik-nasionale lewensopvatting soos gegrond op sy refor= matoriese geloofbelydenis sal wees.

ferensieerde hedendaagse samelewing bring mee dat ouers, wat die primêre op= voeders van hulle kinders is, veral nie meer die onderwysende gedeelte van hulle kinders se opvoeding kon behartig nie. Vir die gespesialiseerde onder= rig/onderwys is daar opgeleide professionele opvoeders (onderwysers) beskik= baar. Onderwysers mag egter nie net op die ontsluiting van die kognitiewe vermoëns van leerlinge konsentreer nie, want tereg beweer Van der Walt en Dekker (1983: 99) dat die onderwyser met skoolopvoeding so goed as moontlik moet aansluit by die oueropvoeding. Die onderwysfaset kan dus nooit losgemaak word van die allesomvattende opvoeding wat die ontsluiting van die hele akt= struktuur van die kind insluit en omvat nie. Daarom word daar verder in hier= die paragraaf konsekwent gebruik gemaak van die term "opvoedende onderwys".

Die opvoedende onderwystaak van die skool word ontleed aan die hand van die religieuse, die temporele, die modale en die individuele struktuurmomente daarvan. Aangesien hierdie verskillende struktuurmomente reeds in paragrawe 3.3.2 (die huwelik) 3.3.3 (die ouerhuis) volledig in oënskou geneem is, in soverre hulle verband hou met die genoemde samelewingsverbande, word daar in hierdie paragraaf telkens van kruisverwysing gebruik gemaak en slegs relevante gesigspunte vir die skool as samelewingsverband volledig uitgelig.

3.3.4.5.2 Die religieuse faset van skoolse opvoedende onderwys

Die religieuse bepaaldheid van Christelike ouerlike opvoeding hou in dat ver= bondsouers kragtens die doopbelofte moet toesien dat alle opvoedende onderwys wat deur die skool onderneem word, in ooreenstemming met die Christelike gees en rigting van die ouerhuis sal geskied. (Vgl. paragraaf 3.3.3.5.2). Skole kan anastaties in diens van God opvoedende onderwys[1] gee of apostaties in diens van 'n afgod sy taak uitvoer. Christenouers en -onderwysers is van Gods= weë geroepe om die skool as samelewingsverband religieus in al sy bedrywighede en fasette terug te bind aan die oorsprong van alle dinge, naamlik aan die Drie-enige God van die Heilige Skrif.

3.3.4.5.3 Die temporele faset van skoolse opvoedende onderwys

Die opvoedende onderwys wat in die skool deur onderwysers gegee word, word

---

1) Hier word bedoel opvoedende onderwys in sy breedste betekenis, dit wil sê, al die opvoedingsbedrywighede van die skool binne en buite die klas= kamer of skool wat daarop gemik is om die leerling in sy totaliteit te begelei en ontsluit op sy pad na beskawingsvolwassenheid.

deur tyd omsluit en bepaal (vgl. paragrawe 3.2.6.3, 3.3.3.5.3 en 3.3.4.4). Vir die opvoedende onderwys in die skool is dit veral van belang dat die op=voeder (onderwyser) in gedagte sal hou dat die opvoedingshandeling nóú saam=hang met die ontwikkeling van die denke van die leerling. Opvoedende onderwys dra ook die kenmerk van 'n logiese volgorde. (Van der Walt en Dekker, 1983: 61). Die positivering van die gees en rigting wat 'n skool karakteriseer, is tyds=gebonde maar dinamies; alhoewel die grond/beginsel daarvan onomstootlik (vgl. Joh.16: 12,13) in die Woord van God gefundeer is. Opvoedende onderwys in die skool het dus 'n begin- en 'n eindpunt.

In die kontak tussen ouer en onderwyser sal beide diê opvoeders tyd moet in=ruim om gesamentlik as vennote kinders op te voed. So sal tyd 'n belangrike rol speel in hulle ontmoetings, die ontwikkelingsfase van die kinders, en die tempo van die onderrigleerhandeling.

3.3.4.5.4 Die modale faset van skoolse opvoedende onderwys

Skoolse opvoedende onderwys stem in baie opsigte ooreen met ouerlike opvoeding (vgl. paragraaf 3.3.3.5.4), maar het ook 'n eie samelewingsverbandelike (vgl. paragrawe 3.2.4 en 3.3.1) manier of wyse waarop dit voltrek word. In hierdie paragraaf word die unieke aard van die opvoedende onderwys in die skool be=skryf. Die funderings- en bestemmingsfunksie van die skool wat in die histo=riese en logies-analitiese modaliteite onderskeidelik gevind word, bepaal die opvoedende onderwystaak van die skool, soos vervolgens kortliks aangetoon word:

Tabel 3.3 Skoolse opvoedende onderwys binne die modale struktuurmoment van die werklikheid

| Wetskring en sinkern | Implikasies vir opvoedende onderwys in die skool |
|---|---|
| Pistiese (geloof en vaste vertroue) | Die bybring van kennis en die ontsluiting van die logies-analitiese vermoëns van die leerlinge is in diens van God en moet dien tot uitbouing van die leerlinge se ge=loofsekerheid en lei tot 'n vaste vertroue in die ewige waarhede soos in sy Woord geopenbaar. Leerlinge moet in die skool waar hulle logies-analitiese vermoëns ontsluit word, sekuriteit ervaar in wetenskaplike verifikasie en waarheid. Hulle moet kan glo in die skool en sy funk=sionering. |

| Wetskring en sinkern | Implikasies vir opvoedende onderwys in die skool |
| --- | --- |
| Etiese (morele liefde en liefdesorg) | Die opvoedende onderwys in skole kan nooit losgemaak word van liefde tot God en die naaste wat ook belangebeharti= ging insluit, nie. Onderwysers onderrig egter leerlinge omdat hulle primêr leerlinge se logies-analitiese poten= sialiteite wil ontsluit. |
| Juridiese (reg en onreg, vergelding) | Die onderwyser handhaaf sy Godverleende gesag oor leer= linge en hierdie gesag van hom word gekwalifiseer deur die analities-logiese as bestemmingsfunksie. Daar moet in die skool orde heers en reëls neergelê en toe= gepas word sodat opvoedende onderwys doelmatig kan plaasvind. |
| Estetiese (skone har= monie) | Die skone harmonie moet veral in die verhoudinge tussen onderwysers en leerlinge in die totale skoolopset tot openbaring kom om opvoedende onderwys te bevorder. |
| Ekonomiese (waarde-afwe= ging,bespa= ring) | Veral ekonomiese energie-, geld- en tydsbesteding ten op= sigte van die onderrigleerhandeling moet deur onderwyser en leerling in opvoedende onderwys in die skool nage= streef word. Kortpadmetodes moet ontwerp en toegepas word. |
| Sosiale (omgang en verkeer) | Die gemeenskapsgroepe, wat by die skool betrokke is, te wete onderrigverlangendes, onderriggewers en onderrigont= vangendes (Taljaard, 1976: 243-245) moet 'n band van on= derlinge gehegtheid in hulle sosiale betrekkinge en verkeer in die skool handhaaf sodat onderrig (opvoedende onderwys) effektief kan plaasvind. |
| Linguale (simboliese betekening) | Deur onder meer die woord, alle vorme van simboliese betekening (soos die geskrewe woord, onderwysmedia, ge= bare, tegniese hulpmiddels, houdings en tekens) en kommu= nikasie kom die onderrigleerhandeling tot sy reg. Daar= om sal die onderwyser in sy opvoedende onderwys altyd seker maak dat sy leerlinge sy linguale (simboliese) oor= dragsmiddele begryp. |

| Wetskring en sinkern | Implikasies vir opvoedende onderwys in die skool |
|---|---|
| Historiese (kultuurvor= mende mag) | Die skool is in die historiese funksie gefundeer. In die stigting, bestaan en uitbouing van die skool is daar sprake van goeie organisasie en administrasie, van die vorming van kultuur en die oordrag van kultuurbesit en van die oprigting en verskaffing van geskikte fasili= teite. Kennis word in die skool gevorm. Dit alles vorm deel van die historiese modaliteitsaspek van die skool in sy bestaanswyse en die effektiewe totstandbringing en instandhouding van al bogenoemde fasette is van die voorvereistes vir doelgerigte en geslaagde opvoedende onderwys. |
| Logiese (analitiese onderskeiding) | Die skool vind sy bestemming in die ontslote logies-analiteise funksie (Van Schalkwyk, 1986: 145). Daarom sal die onderwysers primêr daarop ingestel wees om in hulle opvoedende onderwys veral die kognitiewe poten= sies van leerlinge met inagneming van hulle samehange tot eer van God te ontsluit, sodat die leerlinge as goed-"geleerde" gebalanseerde mense die skool sal verlaat om hulle verdere (volwasse) lewe te betree. |
| Psigiese (gevoel) | Onderwysers en leerlinge sal in hulle bemoeienis met me= kaar, ter wille van sinvolle en geslaagde opvoedende on= derwys, beheersd optree. Gevoelens soos haat, afguns en naywer sal vermy word, terwyl emosies soos vreugde, toe= geneentheid, simpatie en empatie produktief ingespan sal word ten einde opvoedende onderwys suksesvol te laat ver= loop. 'n Gevoel van lojaliteit teenoor die skool is ge= wens vir effektiewe leer. |
| Biotiese (organiese lewe), fisiese (energie-werking), kinema= tiese (beweging), ruimtelike (kon= tinue uitgebreid= heid), getal (on= derskeie hoeveelheid) | In die bepaling en vasstelling van leerinhoude sal die onderwysowerhede moet sorg dra dat aspekte soos die biotiese, fisiese, kinematiese, ruimtelike en getalsma= tige fasette van die geskape werklikheid in die silla= busse geïntegreer word. Die skool self as ruimte waar= in opvoedende onderwys plaasvind, moet in al die benede psigiese funksies en behoeftes van die leerling voorsien. |

Net soos in die geval van ouerlike opvoeding (vgl. paragraaf 3.3.3.5.4) is opvoedende onderwys in die skool 'n eenheidshandeling. Die leerling as volle mens en eenheidswese word in die opvoedende onderwyshandeling ontsluit sonder om een van sy menslike funksies te verabsoluteer.

Dit blyk uit die voorafgaande uiteensetting van die modale faset van skoolse opvoedende onderwys dat hierdie komponent 'n verdere belangrike deel uitmaak van die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouer=huis/gesin/ouer en skool/onderwyser. Die skoolse opvoedende onderwys kan op bogenoemde wyse beter verken, erken en geken word deur ouers en onderwysers en op sy beurt kan hierdie insigte en kennis lei tot doelmatiger ouer-onder=wyserkontak.

3.3.4.5.5 Die individuele faset van skoolse opvoedende onderwys

Die unieke struktuur van die skool as sekondêre opvoedingsinrigting en same=lewingsverband (vgl. paragraaf 3.3.4.4) hou in dat die skool 'n soewereine terrein het met eie bevoegdhede wat deur geen ander samelewingsverband oor=geneem kan of mag word nie. Die opvoedende onderwys van die skool dra die besondere stempel dat opgeleide onderwysers dit aan leerlinge gee, om so=doende die leerlinge tot beskawingsvolwassenheid met die nodige kennisvaar=dighede en -inhoude te begelei en toe te rus. Die skool, net soos die ouer=huis, is 'n oefen- en afrondingskool vir die lewe, om sodoende die leerling vir die lewe en diens aan God gereed te maak.

3.3.4.5.6 Gevolgtrekking

Die skool as sekondêre samelewingsverband het 'n eie unieke struktuur, wat im=pliseer dat die skool as samelewingsverband tydgebonde is, 'n eie funderings- en bestemmingsfunksie het en as sodanig van alle ander samelewingsverbande onderskei kan word.

Die skool bestaan en funksioneer in eie reg en is nie bloot 'n verlengstuk van die ouerhuis of 'n plaasvervangende ouerhuis nie. In die samewerking tussen ouers en onderwysers om kinders op te voed en te onderwys, moet albei hierdie partye (ouers sowel as onderwysers) weet en besef dat die skool, net soos die ouerhuis, op grond van sy ontstaan, wese en bestemming 'n soewereine terrein het. (Vgl. paragraaf 3.3.4.4). Op hierdie terrein is die *professioneel-opgeleide* onderwyser die gesagsdraer en alles wat in verband staan met die ontslui=

ting van die leerlinge se logies-analitiese vermoëns is die verantwoordelik= heid van die onderwyser.

## 3.4 Samevatting

Samevattend gesien, word die volgende essensiële komponente van 'n samelewings= teoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser uitgesonder:

* Die almag van God oor sy skepping impliseer dat die ouerhuis/gesin/ouer nie oor die skool/onderwyser mag heers nie (of andersom nie), want sowel die ouerhuis/gesin/ouer as die skool/onderwyser is onderdane van God. (Vgl. paragraaf 3.2.2).

* God se wet verseker die ordelike bestaan van die ganse skepping; daarom ook van die ouerhuis/gesin/ouer en die skool/onderwyser. (Vgl. paragraaf 3.2.3).

* Die beginsel van soewereiniteit in eie kring geld vir sowel die ouerhuis as die skool as selfstandige samelewingsverbande; daarom mag die een samelewingsverband (die ouerhuis of die skool) nie die bestaans- en funk= sioneringsterrein van die ander samelewingsverband (die ouerhuis of die skool) oortree nie. (Vgl. paragraaf 3.2.4).

* Geen samelewingsverband bestaan in isolasie nie, want daar is ook sprake van universaliteit in eie kring - dit impliseer dat ouerhuis en skool same= werkingsterreine het met erkenning van mekaar se kompetensieterreine. (Vgl. paragraaf 3.2.5).

* Die ouerhuis/gesin/ouer en die skool/onderwyser is religieus gebind en ge= rig, gebonde aan tyd en verskil individueel van mekaar. Elkeen het 'n eie struktuur of bouplan met eie funderings- en bestemmingsfunksies. (Vgl. paragraaf 3.2.6).

* In die bepaling van 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die ver= houding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser is veral die huwe= lik, die ouerhuis en die skool relevante samelewingsverbande waaroor funda= menteel opvoedkundig besin moet word. (Vgl. paragraaf 3.3.1).

* Die harmoniese huwelik vorm die grondslag vir 'n ewewigtige gesin waarin kinders ware en egte opvoeding (Schoeman, 1979: 100) kan ontvang. (Vgl. paragraaf 3.3.2.1 - 3.3.2.6).

* Die ouerhuis as primêre samelewingsverband met 'n unieke struktuur het 'n eie ouerhuislike opvoedingstaak soos blyk uit die religieuse faset van ouerlike opvoeding (vgl. paragraaf 3.3.3.5.2), die temporele faset van ouer= like opvoeding (vgl. paragraaf 3.3.3.5.3), die modale faset van ouerlike opvoeding (vgl. paragraaf 3.3.3.5.4) en die individuele faset van ouer= like opvoeding (vgl. paragraaf 3.3.3.5.5).

* Die skool as sekondêre samelewingsverband met 'n unieke struktuur het ook sy karakteristieke skoolse opvoedende onderwystaak, soos dit aangetoon is in die religieuse faset van skoolse opvoedende onderwys (vgl. paragraaf 3.3.4.5.2), die temporele faset van skoolse opvoedende onderwys (vgl. paragraaf 3.3.4.5.3), die modale faset van skoolse opvoedende onderwys (vgl. paragraaf 3.3.4.5.4) en die individuele faset van skoolse opvoedende onderwys (vgl. paragraaf 3.3.4.5.5).

Samewerking tussen ouers en onderwysers (ouer-onderwyserkontak) mag plaas= vind waar die kompetensieterreine van die onderskeie samelewingsverbande nie oortree word nie: vir die skool lê sy bevoegdheid veral op die ontslote logies-analitiese en vir die ouerhuis veral op die morele liefde en liefdes= sorg-(etiese) terrein. Die verbondsouers as primêre opvoeders van hulle kin= ders moet dus vasstel en bepaal of hulle kinders se skole in gees en rigting ooreenstem met die ouerhuise.

Skematies voorgestel lyk die samelewingsteoretiese model as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser moontlik soos uiteengesit in Figuur 3.5 op bladsy 118.

In Hoofstuk 4 word die samelewingsteoretiese model, soos uiteengesit in hier= die hoofstuk, as verskynsel ontleed met die doel om die samelewingsteoretiese model as meetinstrument se lewensvatbaarheid en praktiese werkbaarheid (al= dan nie) sover as moontlik bo verdenking te bring.

Figuur 3.5 Samevatting: samelewingsteoretiese model

| Samelewings= verband | Religie | Tyd | Modaliteit | Individualiteit |
|---|---|---|---|---|
| Huwelik | Anastaties of apostaties gerig | Verlief Verloof Trou | Voltrek in in al 15 moda= liteite onder leiding van die *etiese* | Fundering: histories Bestemming: eties |
| Gesin | Anastaties of apostaties gerig | Trou, babas, peuters, kleu= ters, pubers, adolessente (huwelik duur voort) | Opvoeding in al 15 moda= liteite onder leiding van die *etiese* | Fundering: bioties Bestemming: eties |
| Skool | Anastaties of Apostaties gerig | Begin (stig) bestaan einde | Opvoedende onderwys in al 15 modali= teite onder leiding van die *logies-analitiese* | Fundering: histories Bestemming: logies-ana= litiese |